

24 Donderdag

SKRIFGEDEELTE: LUKAS 2:1-7

FOKUSGEDEELTE: MATTEUS 1:21(A)

Josef, Jesus se pa

Terwyl Maria swanger is, praat 'n engel met Josef. Sy eerste woorde is: *Josef, seun van Dawid*. Hierdie aanspreekvorm het 'n ryk betekenis. Met hierdie term *seun van Dawid* trek die Here 'n menigte beloftes uit die Ou Testament oor die geboorte van Christus in 'n neutedop saam. Die Here gaan nou die beloftes wat Hy oor die koms van die Messias gemaak het, gestand doen. En Josef is by die geboorte van die Messias betrokke! Hy is immers 'n seun van Dawid, uit die nageslag van Dawid.

Dawid was 'n *koning*, maar hy het soms ook as *priester* en *profeet* opgetree. As koning het Dawid die een oorwinning na die ander behaal. Hierdie *Seun van Dawid* (Matt. 1:1) sal op dieselfde patroon optree as sy voorvader – net nog baie beter.

Die Here laat met Maria waar word waarvan Hy by monde van Jesaja in 7:14 gesê het: “'n Jong vrou sal swanger word en 'n seun in die wêreld bring en sy sal hom Immanuel noem.” Wat in Maria verwek is, kom van die Heilige Gees. Josef, as sy aardse vader, gaan Hom egter opvoed en versorg, want hierdie *Seun van Dawid* is 'n gewone mens – net soos enige ander mens. Josef gaan vir Hom 'n Naam gee. Jesus gaan in sy huis opgroei. Hy gaan by Josef leer om 'n skrynwerker te wees.

Josef as mens is ten volle betrokke by hierdie Kind wat gebore gaan word. Hierdie Kind is immers Maria, sy vrou, se Kind, 'n gewone mens se Kind. Hy is in alle opsigte aan 'n mens gelyk, behalwe vir die sonde.

Aan die anderkant is Josef baie beslis ook by sy geboorte uitgeskakel. Die Heilige Gees het oor Maria *gekom*. Hierdie unieke Seun van Dawid, die Messias, hierdie Koning oor die Koninkryk van God kan nie langs die weg van natuurlike ontwikkeling gebore word nie. Isak, en Simson, en Johannes die Doper is ook deur God se wonderbaarlike ingrype gebore. Hulle vaders wat hulle opgevoed het, was egter ook hulle biologiese vaders. Hulle is op 'n natuurlike wyse verwek. Met Jesus is dit heeltemal anders. Deur 'n direkte ingrype en handeling van God het Maria swanger geword. Sy geboorte – en daarmee die verlossing wat Hy bring – is in volstrekke sin, geheel en al, die werk van God!

Vandag dra en troos hierdie wonderlike heilsfeite ons. Die *Seun van Dawid* is vandag nog ons *Koning* wat deur sy Woord en Gees oor ons regeer. Hy is steeds ons *Hoëpriester* wat vir ons sondes gesterf het en vir ons bid. Hy is steeds ons *Profeet* wat God se raadsplan oor ons verlossing kom verkondig en kom waar maak het.

Sing: Skrifberyming 1-3:1, 2

Dr. AH (André) Grové (Emeritus)